GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2016

MEMORANDUM

AFRIKAANS FAL V2 (10022)

27 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS
(Eerste Addisionele Taal Vraestel 2)

MEMORANDUM

INHOUDSOPGAWE

Kandidate kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Kandidate beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. *Kringe in 'n Bos*	35	4
2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	35	7
3. *Meeulanders*	35	11

AFDELING B: DRAMA

Kandidate beantwoord slegs EEN vraag.

4. *Poppie – die drama*	35	14
5. *Paljas*	35	17

AFDELING C: KORTVERHALE

Kandidate beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

6. "Op soek na Kid Khumalo"	18	20
EN		
"Die pakkie"	17	22

AFDELING D: GEDIGTE

Kandidate beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

7. "Die hanswors"	18	24
EN		
"Brief"	17	26

NASIENRIGLYNE

- Kandidate moet instruksies uitvoer soos in die vraestel uiteengesit. Slegs die eerste twee vrae in ’n kandidaat se antwoordeboek word nagesien. Indien ’n kandidaat twee vrae uit AFDELING A beantwoord het, word slegs die eerste vraag nagesien en die res van die vrae word doodgetrek.

- Sou ’n kandidaat twee vrae uit AFDELING A en dan ’n ander vraag uit enige ander afdeling beantwoord het, bly die beginsel van die eerste twee vrae word nagesien gehandhaaf; derhalwe sal die kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die tweede vraag getrek.

- As ’n kandidaat by ’n vraag twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien met ander woorde die eerste antwoord na.

- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

- As ’n spelfout die betekenis van die woord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.

- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.

- As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- By oop vrae verdien die rede / motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE insluit / impliseer nie. As JA / NEE gestel is, moet motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na.

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.1	By sy ma	(1)	1
1.2	Saul het by Abraham Steyn geleer hoe om houtwerk te doen.	(1)	1
1.3	• Die olifante word doodgeskiet. • Die bome word afgekap.	(2)	3
1.4	vir Oupoot gesien	(1)	2
1.5	• (As jy veertien is), is jy nóg kind nóg grootmens. • Jy dink nog soos 'n kind, maar in die Bos word jy as grootmens erken. (Of soortgelyk)	(2)	3
1.6.1	• D • Een van die houtkappers • D Een van die houtkappers (Enige EEN)	(1)	2
1.6.2	• C • Saul se broer • C Saul se broer (Enige EEN)	(1)	2
1.6.3	• A • Saul se pa • A is Saul se pa (Enige EEN)	(1)	2
1.6.4	• B • Die hoofkarakter van die verhaal • B Die hoofkarakter van die verhaal. (Enige EEN)	(1)	2
1.7	Saul se ma is aan masels / die godsiekte dood.	(1)	1
1.8	Jozef het nie gewys dat hy gehuil het nie.	(1)	3

1.9.1	’n Bloubokkie	(1)	2
1.9.2	Saul het agtergekom dat die ... • bloubokkie se gal nie in sy kop gesit het nie. • grootmense nie die waarheid gepraat het nie. • grootmense self die lieg geglo het. (Enige TWEE)	(2)	3
1.10	Die derdepersoonverteller gee insig in al die karakters se gevoelens / gedagtes. (Of soortgelyk)	(1)	3
1.11	Ja. • Ek gee nie om ver van die huis te wees as ek verjaar nie. **OF** Nee. • Ek wil my verjaardag saam met my gesin by die huis vier. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
1.12	Meulbos	(1)	2
1.13	Maska ... • is die skakel tussen Saul en Oupoot. • het Saul gehelp om sy gevoelens vir / hartseer oor Oupoot te verwerk. • het sy jaggeweer vir Saul geleen (om Oupoot mee te skiet). • vir Saul verduidelik hoe die Bos werk. • het nuus (oor sy pa / broers)vir Saul gebring. • wou hê Saul en Jozef moes vrede maak. • was Saul se hart-broer. • het ’n belangrike rol in Saul se lewe gespeel. • was daar in die moeilike tye in Saul se lewe / toe Saul se pa hom weggejaag het. (Enige DRIE of soortgelyk)	(3)	3
1.14.1	Saul se besluit om ... • met die Pictor weg te gaan. • terug te keer na die skip wat Maandag vertrek. • finaal om te draai. (Enige EEN)	(1)	3
1.14.2	• Daar was nie meer Bos nie. • Die wêreld was kaal / skoon. • Die wêreld was dood. • Daar was sinkhuisies / tente. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3

1.15.1 (Kate se woorde het vir Saul) ’n geleentheid geskep om ...
- ’n besigheid te begin / houtkopersbesigheid te begin.
- nie met die skip te vertrek nie / te bly.
(Enige EEN) (1) 1

1.15.2
- Kate was Saul se groot liefde.
- Kate het Saul leer Engels lees.
- Saul was lief vir Kate en sou alles vir haar opoffer.
(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

1.15.3
- Daar het ’n hek vir Saul oopgegaan.
- Saul het ’n oorhand oor die houtverkopers gekry.
- Saul het ’n kans / geleentheid gekry om geld te verdien / ’n lewe te maak.
- Saul kon in Knysna / die dorp bly.
- Saul sou belangstel om in Knysna / die dorp te bly.
(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

1.16 Saul ...
- was verbaas dat Kate die hoekerf wat hy wou koop / hê, gekoop het.
- kon nie glo wat hy gehoor het nie.
- het besef dat Kate hierdeur gewys het hoe lief sy hom gehad het.
- het besef dat Kate enstig oor hom was.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2) 4

1.17 Saul ...
- was vir vyf dae agter Oupoot in die Bos aan.
- het nooit gerus nie.
- was emosioneel / psigies moeg as gevolg van die Bos wat uitgeroei is.
- was emosioneel / psigies moeg omdat Oupoot deur vreemde mense geskiet is.
(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

1.18
- Daar was plek vir Saul om ’n besigheid te begin / hout te verkoop.
- Saul sou plek hê om meubels te maak.
- Kate en Saul kon daar woon.
- Saul kon vir Izak oplei.
(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

1.19
- Kate en Saul was verlief op mekaar.
- Kate het hulp aangebied sodat Saul in Knysna kon help.
- Saul het vir Maska gevra om Kate te gaan roep.
(Enige EEN) (1) 5

1.20	Ja. • Saul wou Oupoot eerder kom skiet het voor Freek Terblanche dit kon doen. • Saul wou Oupoot die vernedering spaar (om deur Freek geskiet te word). **OF** Nee. • Saul het self gesê hy sou nie die moed gehad het (om die sneller te trek nie). • Saul was lief vir Oupoot. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
1.21	• B • hulle skuld af te betaal • B hulle skuld af te betaal (Enige EEN)	(1)	2
1.22	• B • achronologies. • B achronologies. (Enige EEN)	(1)	3
		[35]	

VRAAG 2: ***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*** **– Marita van der Vyver**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
2.1	Botterberg	(1)	1
2.2	• Yann sou eerder by die huis wou bly. • Yann het teen sy sin gaan stap. • Yann is gedwing om te gaan stap. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
2.3	• Introvert • Onbeskof / Ongemanierd • Onvriendelik (Enige EEN WOORD of soortgelyk)	(1)	3
2.4	Die batterye (van die Walkman) was pap.	(1)	2
2.5	• Toe Yann simpatie vir Hanna gehad het toe Amos en Tibo Hanna terg oor die gedigte wat sy geskryf het. • Yann het vir Hanna ’n pen gegee wat sy kon gebruik vir die skryf van haar lewensverhaal. (Of soortgelyk)	(2)	3

2.6 Hanna ...
- was gewoonlik besig om stories (in haar verbeelding) op te maak.
- het in in haar verbeelding geleef.
- het in haar eie wêreld geleef.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

2.7
- Beyers kon Mana se verfgoed by die huis gelos het.
- Beyers kon vir Mana iets ander gegee het om te doen.

(Enige EEN) (1) 4

2.8 Ja.
- Jou gesin is belangrik.
- Jy moet tyd maak vir jou gesin.

(Enige EEN of soortgelyk)

OF

Nee.
- Tydens ’n vakansie moet jou ouers jou toelaat om jou eie ding te doen. (1) 4

2.9 Mana ...
- het (in die oggende) geteken terwyl die ander gaan stap het.
- het net ’n klein entjie saam gestap en dan geteken (tot hulle teruggekom het).

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 2

2.10 Mana sou ...
- rooi en pers saam dra / haar kleredrag was baie bont.
- die berge blou verf.
- die lug groen verf.
- lemoene blou verf.
- piesangs rooi verf.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 2

2.11 Hanna sou skaam kry vir haar ma.
(Of soortgelyk) (1) 1

2.12
- C
- verfkwaste
- C verfkwaste

(Enige EEN) (1) 2

2.13 paraffien (1) 1

2.14
- Gavin was gay / ’n moffie.
- Mana se eerste troue was nie ’n (ware) huwelik (in die ware sin van die woord nie).
- Tibo se pa was ’n proefbuis.

(Of soortgelyk) (2) 3

2.15
- Mana se hare was ongekam.
- Amos het al vir drie dae dieselfde trui gedra.
- Tibo met grondboontjiebotter om sy mond
- Selfs die gesin se honde lyk agterlik.

(Enige TWEE) (2) 3

2.16
- Gavin was daar vir Hanna se verjaardag.
- Margot het vir Yann en Amos (haar kinders) kom kuier.
- Sharon het Hanna gevra of sy saam met Hanna se gesin vakansie kon hou.

(DRIE feite) (3) 2

2.17
- Hulle was vir drie dae vasgekeer in die huis.
- Dit het aanhoudend gereën.
- Die water het net mooi niks gesak nie.

(Enige EEN) (1) 2

2.18 Gavin ...
- was moedeloos.
- het nie meer geweet wat om te doen nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

2.19
- Sharon se ouers het hulle (met die helikopter) kom haal.
- ’n Helikopter het hulle kom haal.

(Enige EEN) (1) 3

2.20
- D
- konflik tussen hom en Sharon
- D konflik tussen hom en Sharon

(Enige EEN) (1) 4

2.21 Ja.
- Partykeer is dit beter om eers af te koel.

OF

Nee.
- Dit is ongeskik.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 5

2.22	• Yann kon met Sharon gaan praat het. • Yann kon om verskoning gevra het. Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
2.23	As Mana geverf het, het sy van alles en almal vergeet / sou selfs vergeet van huis skoonmaak of kos maak, maar Beyers sou eerder dit verkies as wat sy nou soos 'n besetene werk om die huis skoon te hou. (Of soortgelyk. IRONIE 2 of 0: beide kante moet gestel word om die punte te verdien.)	(2)	3
2.24.1	• B • Yann • B Yann (Enige EEN)	(1)	2
2.24.2	• A • Sharon • A Sharon • (Enige EEN)	(1)	2
2.24.3	• E • Mana • E Mana • (Enige EEN)	(1)	2
2.24.4	• C • Margot • C Margot (Enige EEN)	(1)	2
2.25.2	• Vrouens is besig om nes / hulle huis reg te kry voor die baba gebore word. • Vrouens werk baie hard voordat hul baba gebore word. (Enige EEN)	(1)	4
2.26	Die gesinslede het mekaar aanvaar. (Of soortgelyk)	(1)	4
		[35]	

***VRAAG 3: MEEULANDERS* – Esta Steyn**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
3.1	• Fred Blanckenberg se halfbroer • Hermanus Blanckenberg se seun (Enige EEN)	(1)	1
3.2	• Skalla is altyd besig met onwettige goed. • Skalla sleep hul familienaam deur die modder.	(2)	3
3.3.1	(Sheila was) Fred Blanckenberg se vrou.	(1)	2
3.3.2	Sheila het haarself geskiet.	(1)	2
3.4	• Kinnie / Veronica Kuiper het Sheila vertel • dat sy met Fred se kind swanger was.	(2)	3
3.5	met iemand gesels het	(1)	1
3.6	• Geld • Fred moes die seegraskonsessie op Skalla se naam oordra.	(2)	1
3.7	Ja. • Fred het sy vrou verloor. • Skalla het haar dood gebruik om Fred af te pers. **OF** Nee. • Fred het sy vrou verneder toe hy met Kinnie / Veronica geslaap het. • Fred het Kinnie / Veronica swanger gemaak. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
3.8.1	• D • Het die eiland en die voëls gehaat • D Het die eiland en die voëls gehaat (Enige EEN)	(1)	3
3.8.2	• C • Skelm en slinks • C Skelm en slinks (Enige EEN)	(1)	3

3.8.3
- E
- Die voëlvrou
- E Die voëlvrou

(Enige EEN) (1) 3

3.8.4
- A
- ’n Goeie besigheidsman
- A ’n Goeie besigheidsman

(Enige EEN) (1) 3

3.9.1 Die **munisipale** tussenverkiesing. (Moet korrek wees) (1) 2

3.9.2 ’n Feit: Fred se vrou het daardie aand selfmoord gepleeg. (1) 4

3.9.3 Ja.
- Dit was vir haar vernederend om uit te vind dat haar man haar nie meer as ’n begeerlike vrou sien nie.

OF

Nee.
- Sheila was in ’n rolstoel.
- Sheila kon nie meer haar vroulike pligte nakom nie.
- Sheila moes aan haar kinders dink.
- Sheila kon nie net dink oor hoe sy geaffekteer word nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

3.10
- Oneerlikheid
- Agterbaks

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

3.11 Janka / Pikkewyn se stootwaentjie (1) 1

3.12
- C
- Elsabet se dood.
- C Elsabet se dood.

(Enige EEN) (1) 2

3.13.1 Ryna (1) 1

3.13.2 Attie het hoop gekry vir ’n liefdesverhouding met Ryna. (1) 3

3.13.3 Ja.
- Dis selfsugtig, (maar sy het die aandag geniet.)

OF

Nee.
- Ryna het geweet dat sy nie lief vir hom is nie.
- Ryna het toegelaat dat hy haar soen / versorg.
- Ryna het alles saam met hom gedoen.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

3.14	• Grapjas (Hy was aangetrek soos Kersvader.) • Aanhouer (Hy het bly glo dat sy hom eendag sou leer liefkry.) (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
3.15	Dit beklemtoon die hoop wat Attie gehad het.	(1)	3
3.16	• Ek sou die eiland so gou as moontlik verlaat het. • Ek sou nie tou opgegooi het nie. • Ek sou nog steeds probeer het om Ryna se liefde te wen. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
3.17.	• Janka is daardie aand geskiet. • Janka kon nie meer loop nie. • Jacob het wraak gesweer dat Skalla sou boet. • Jacob het Skalla doodgemaak. (Enige EEN)	(1)	3
3.18	• Ryna het van Meeuland gehou. • Ryna het van die dinge wat op die eiland gedoen word, gehou. (Enige EEN)	(1)	3
3.19	• Ryna het nie haar beste maat, Attie genoeg vertrou nie. • Ryna het nie geheime met Attie gedeel nie. • Ryna het haar verlede (na ’n paar maande op die eiland) met Jacob gedeel. (Enige TWEE)	(2)	4
3.20	• Janka het nuwe ouers gekry / kon ’n normale kinderlewe lei. • Jannerik kon deel wees van sy kleinkind se opvoeding. • Attie het die tyd op Meeuland geniet / besef dat hy en Ryna net goeie vriende sou wees. (Of soortgelyk)	(3)	3
3.21	Attie kon ... • ’n nuwe begin gaan maak. • vir Ryna vergeet. • iemand anders ontmoet. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
		[35]	
	TOTAAL AFDELING A:	**35**	

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 4: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
4.1	Poppie	(1)	3
4.2	byname	(1)	2
4.3	• Dit wys vir die akteurs wat om te doen. • Dit is toneelaanwysings. (Enige EEN)	(1)	3
4.4	Die leser weet waarom sekere dinge in die drama met Poppie gebeur het. (Of soortgelyk)	(1)	5
4.5	• A • Lüderitzbucht • A Lüderitzbucht (Enige EEN)	(1)	2
4.6	(Poppie en haar broers se / hulle pa) het hulle gelos / weggeloop.	(1)	2
4.7	• Poppie het skool toe gegaan. • Poppie het lekker dinge saam met haar ouma gedoen (soos om hout te gaan haal vir die gom). • Poppie het gespeel. • Poppie was sorgvry. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
4.8	Xhosa	(1)	2
4.9.1	Upington	(1)	1
4.9.2	• Die kinders moes skool toe gaan. • Die kinders moes kerk toe gaan.	(2)	2
4.10	• Poppie het soos ’n pop gelyk. • Poppie was oulik. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4

4.11	• D • al die dinge van die Xhosa-geloof geleer. • D al die dinge van die Xhosa-geloof geleer. (Enige EEN)	(1)	2
4.12.1	• C • Stone • C Stone (Enige EEN)	(1)	2
4.12.2	• A • Poppie • A Poppie (Enige EEN)	(1)	2
4.12.3	• B • Mrs Swanepoel • B Mrs Swanepoel (Enige EEN)	(1)	2
4.12.4	• E • Jakkie • E Jakkie (Enige EEN)	(1)	2
4.13	Jakkie het Plank(sy broer) vasgehou terwyl die kinders hom geslaan het.	(1)	3
4.14	• Die ouers het nie Vrydagaande huis toe gekom nie. • Die ouers het by die sjebeens gedrink. • Die ouers het laat by die huis gekom. • Die ouers se lone / wages is gesteel. • Die drank het hulle uitgeroei. (Enige TWEE gevolge)	(2)	3
4.15	• Die kinders het die biersale afgebrand. • Die kinders het oorlog teen die sjebeens gemaak. • Die kinders het kennisgewings versprei. (Enige TWEE)	(2)	3
4.16.1	Herschel	(1)	1
4.16.2	Poppie het haar kinders baie min gesien. (Of soortgelyk)	(1)	4
4.17	Comrades	(1)	1

4.18
- Die busse is flenters geskiet.
- Die skole is afgebrand.
- Die kinders was dronk op straat.

(Enige TWEE) (2) 3

4.19 Poppie het ...
- haar kinders alleen gelos sodat hulle ŉ opvoeding kan kry.
- haar kinders beskerm.
- ŉ week na Stone se dood weer begin werk sodat haar kinders kos en geld kon kry.
- haar omstandighede aanvaar.
- altyd sterk gebly.

(Enige DRIE of soortgelyk) (3) 3

4.20 Poppie het haar kinders weggeneem uit die moeilikheid uit, maar hulle het in elk geval in die moeilikheid beland.
(Of soortgelyk. IRONIE 2 of 0: beide kante moet gestel word om die punte te verdien.) (2) 3

4.21 Die kinders het gelag toe die polisie Plank in die hoenderhok (tussen die vere) gekry het. (1) 3

4.22
- hartseer
- kwaad
- ontsteld

(Of soortgelyk) (1) 5

4.23
- Dit is die unieke Afrikaans wat Poppie en haar broers gepraat het.
- Dit help die leser om homself / haarself in die situasie in te leef.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4

[35]

VRAAG 5: *PALJAS* – Chris Barnard

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
5.1	Willem het nie gepraat nie.	(1)	2
5.2	Dit is nie elke dag wat ’n mens iemand met ’n olifant ontmoet nie. (Of soortgelyk)	(1)	4
5.3	Die trein is (verkeerdelik) daar afgehaak.	(1)	2
5.4	kombi-en-woonwa	(1)	2
5.5	• Dit is toneelaanwysings. • Dit wys vir die akteurs wat om te doen. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
5.6.1	• Dit het Willem gelukkig gemaak. • Dit het Willem laat lag. • Dit het Willem beter laat voel. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
5.6.2	Willem het ... • sy gesin / ander mense met die toertjies vermaak. • geteken. • homself vermaak. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	3
5.7	• C • protagonis • C protagonis (Enige EEN)	(1)	3
5.8.1	• B • Emma • B Emma (Enige EEN)	(1)	2
5.8.2	• C • Hendrik • C Hendrik (Enige EEN)	(1)	2
5.8.3	• A • Jan Mol • A Jan Mol (Enige EEN)	(1)	2

5.8.4	• E • Willem • E Willem (Enige EEN)	(1)	2
5.9	• Die nar het in Willem belanggestel. • Die nar het Willem se probleme verstaan. • Die nar het Willem vermaak. • Die nar het in dieretaal gepraat. (Enige DRIE of soortgelyk)	(3)	3
5.10	Tyd het verbygegaan. (Of soortgelyk)	(1)	3
5.11	• hartseer / ongelukkig • kwaad (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
5.12.1	Na die (Volstruis) dans	(1)	2
5.12.2	• Nollie sou Emma se handdoek aangee. • Emma moes instem om na die dans te gaan. (Of soortgelyk)	(2)	3
5.13	Willem haar gevra het om te speel	(1)	1
5.14.1	Katrien	(1)	2
5.14.2	• Hendrik het na plate geluister. • Hendrik het liedjies geneurie. (Enige EEN)	(1)	3
5.14.3	Die gesin se gelukkige verhouding (Of soortgelyk)	(1)	4
5.15.1	By Manuel / die nar	(1)	1
5.15.2	• Willem se ouers kon bekommerd raak oor hom. • Willem se ouers kon na hom begin soek het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
5.16	• Katrien was (weer) gelukkig. • Willem het weer gepraat. • Katrien het aangetrokke tot Hendrik gevoel. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4

5.17.1	Die geluid van ’n voertuig.	(1)	2
5.17.2	• Mense moet gerespekteer word. • Mense wat anders as jy is, is nie verkeerd nie. • Mense moenie geboelie word nie. • ’n Geboelie is onaanvaarbaar. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	(5)
5.18	• B • Willem nie die nar kon opspoor nie. • B Willem nie die nar kon opspoor nie. (Enige EEN)	(1)	2
5.19	Nollie het Willem altyd weggevat / saam met hom gevat.	(1)	3
5.20	• Die dorpsmense het klippe op die gesin se dak gegooi. • Die dorpsmense het geskinder. • Die dorpsmense het die gesin van duiwelsaanbidding verkla. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	3
5.21	Mense wat anders as die normale is, is verkeerd. (Of soortgelyk)	(1)	4
		[35]	
	TOTAAL AFDELING B:	**35**	

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

VRAAG 6

"OP SOEK NA KID KHUMALO" – Dolf Van Niekerk

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.1	Johanna was ’n huiswerker.	(1)	2
6.2	Johanna het nie genoeg geld gehad nie.	(1)	3
6.3	Dennilton	(1)	2
6.4	aan suikersiekte gely	(1)	2
6.5	• Die Therons het nie ’n heining laat opsit nie, (want dis geldmors). • Die Therons het gedink Johanna praat te lank oor die telefoon. • Mev. Theron het gepraat oor selfoonoproepe wat duur is. (Enige EEN)	(1)	3
6.6	sonder die televisiestel klaar te kom	(1)	2
6.7	• Johanna het nie ’n selfoon gehad nie. • Johanna kon nie ver(na die straatfoon) loop nie. (Enige EEN)	(1)	3
6.8	• Johanna was siek. • Johanna was arm. • Johanna het nie ’n man gehad nie. • Johanna se kinders het haar nie gehelp nie. (Enige DRIE of soortgelyk)	(3)	2
6.9.1	• C • Johanna • C Johanna (Enige EEN)	(1)	3
6.9.2	• E • Kid • E Kid (Enige EEN)	(1)	3

6.9.3	• A • Thomas • A Thomas (Enige EEN)	(1)	3
6.9.4	• D • Frans • D Frans (Enige EEN)	(1)	3
6.10	Die uitsteltegniek (Of soortgelyk)	(1)	4
6.11	• Johanna het haar seun verloor toe sy gehoop het sy kan op hom steun. • Johanna is gebroke, maar word getroos dat sy nou ’n huis het. (Of soortgelyk. IRONIE: Beide kante moet gestel word om die punte te verdien.)	(2)	3
6.12	• Kid het werk gekry. • Kid het vir hom ’n huis gekoop. • Kid het sy lewe reggeruk. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4

"DIE PAKKIE" – Leonard Koza

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.13	dwelms	(1)	3
6.14	koerantpapier	(1)	1
6.15	• Die mense is nie ryk nie. • Die mense het nie geld nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
6.16.1	Jakkals	(1)	1
6.16.2	• Die persoon het ’n mopkop gehad. • Die persoon het oorbel / oorring gedra. (Enige EEN)	(1)	3
6.17	• A • hy nie sou huiwer om iemand dood te maak nie. • A hy nie sou huiwer om iemand dood te maak nie. (Enige EEN)	(1)	3
6.18	• B • het na Pang gekyk toe hy ’n klein seuntjie was • B het na Pang gekyk toe hy ’n klein seuntjie was (Enige EEN)	(1)	2
6.19.1	Slang	(1)	1
6.19.2	Slang het die pakkie gesoek.	(1)	2
6.20	• Ek sou buitekant die huis gepraat het. • Ek sou die pakkie by Esther probeer kry het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
6.21	Esther moes ... • haar ma gerespekteer het. • na haar ma geluister het. • haar probleem met haar ma bespreek het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
6.22	• bang • kwaad • bekommerd • hartseer (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4

6.23.1	Esther het die pakkie by die venster uitgegooi.	(1)	2
6.23.2	Miena	(1)	1
6.24	Slang moenie met skoolkinders / skoollaaities besigheid doen nie.	(1)	2
6.25	• Moenie by dwelms betrokke raak nie. • Wees versigtig met watter mense jy vriende maak. • Wees eerlik met jou ouers. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
6.26	• Dit is Kaapse Afrikaans. • Dit is hoe die Kaapse mense praat. • Dit help die leser om homself / haarself in die situasie in te leef. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
	TOTAAL AFDELING C:	**[35]**	

AFDELING D: GEDIGTE

VERSJOERNAAL

VRAAG 7: "DIE HANSWORS" – S.J.Pretorius

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.1	die hanswors geterg	(1)	2
7.2	Die hanswors wou … • nie gekoggel / geterg word nie. • alleen wees. • wegkom van die mense / vernedering / emosionele pyn. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
7.3	• C • maand • C maand (Enige EEN)	(1)	2
7.4	Die mense het geskinder oor ... • die hanswors se stukkende klere / klere wat gaar was. • wat die hanswors met sy salaris gedoen het. • daar iemand in die hanswors se lewe was. • die hanswors drank gebruik het. (Enige DRIE)	(3)	1
7.5.1	• C • Assonansie • C Assonansie (Enige EEN)	(1)	3
7.5.2	• D • Enjambement • D Enjambement (Enige EEN)	(1)	3
7.5.3	• B • Alliterasie • B Alliterasie (Enige EEN)	(1)	3
7.5.4	• E • Ellips • E Ellips (Enige EEN)	(1)	3
7.6	kruisrym	(1)	3

7.7	Die hanswors het trane in sy oë gehad.	(1)	2
7.8.1	• Die hanswors was die boggelvroutjie se kind. • Die boggelvroutjie was die hanswors se ma. (Enige EEN)	(1)	3
7.8.2	• Die hanswors en die vroutjie het boggels gehad. • Die hanswors en die vroutjie was klein. (Enige EEN)	(1)	3
7.9	Die titel en die inhoud van die gedig gaan oor ’n hanswors.	(1)	4
7.10	Toe (EEN woord)	(1)	3
7.11	• Die mense het na die hanswors kom kyk. • Die sirkus het geld met die hanswors verdien. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
7.12	• Die gedig maak die leerders bewus van die boelie-kultuur. • Die leerders kan sien dat daar onregverdighede in die lewe is. • Grootmense kan mekaar ook boelie / verneder / afkraak. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4

"BRIEF" – F. R. Abrahams

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.13	Vir Ma	(1)	1
7.14	• Die spreker het kontak met sy ma gemaak. • Die inhoud van die gedig is persoonlik. • Die gedig se inhoud is soos ŉ brief. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
7.15.1	ŉ Kaalvoetgedig is ... • ŉ eerlike / reguit / openhartige gedig. • sonder fieterjasies. • ŉ eenvoudige gedig / plat op die aarde. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
7.15.2	Antjie (Krog)	(1)	2
7.15.3	Mammie	(1)	2
7.16	Elke strofe is ŉ nuwe gedagte.	(1)	4
7.17.1	ŉ Verduideliking volg	(1)	3
7.17.2	• "want my skoolbaadjie pas nie meer nie" • want my skoolbaadjie pas nie meer nie (Enige EEN reël)	(1)	2
7.18	• Dit is eiename. • Die woorde staan in die plek van ŉ naam. • Dis ŉ aanspreekvorm. (Enige EEN)	(1)	3
7.19	• B • swak smaak is. • B swak smaak is. (Enige EEN)	(1)	3
7.20	• Die seun se hare was lank. • Die seun wou ŉ oorring dra. (Enige EEN)	(1)	2
7.21.1	• Die spreker twyfel / wonder / dink oor sy geloof in God. • Die spreker glo nie sommer net in God nie. (Enige EEN)	(1)	3

7.21.2	• Jongmense moenie alles aanvaar nie. • Jongmense moet kan dink. • Dis belangrik om dinge te bevraagteken. • Dit is hoe jongmense hulle toekoms / eie pad ontdek. (Enige EEN of soortgelyk.)	(1)	5
7.22.1	• Die reëls is nie ewe lank nie. • Die strofes is nie ewe lank nie. • Daar is geen vaste rymskema nie. • Die gedig lees teen ’n vinnige tempo. (Enige EEN)	(1)	3
7.22.2	• Die spreker is nie aan reëls gebind nie. • Die spreker wil sy eie ding doen. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
7.23	Die spreker het verse / gedigte geskryf.	(1)	3
7.24	• Die spreker het respek vir sy ma. • Die spreker het kontak met sy ma. • Die spreker deel sy gevoelens met sy ma. • Die spreker wil sy ma se goedkeuring hê. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
		[35]	
	TOTAAL AFDELING D:	**35**	
	GROOTTOTAAL:	**70**	